

9 Augustus

Skrifgedeelte: Handeling 6:1-7

Fokusgedeelte: Handeling 6:7

Daders van die Woord in gehoorsaamheid

Die Jerusalemse gemeente het 'n probleem waarvoor hulle te staan gekom het, nie geïgnoreer nie, maar gehanteer. Hierdie probleem is bespreek én daadwerklik aangespreek sodat met die hoofsaak van die verspreiding van die Woord van God voortgegaan kon word.

Voorafgaande aan Handeling 6:7 lees ons in Handeling 2:41, 4:4 en 5:14 oor die getallegroei in die Jerusalemse kerk. Hierdie groei was die gevolg van biddende met die opdrag van die Here Jesus erns gemaak is om sy getuies te wees en die Woord van God te versprei. 'n Probleem het hom voorgedaan waar die Griekssprekende deel van die gemeente gekla het dat die weduwees uit hulle geledere afgeskeep is. Hierdie probleem is nie geïgnoreer nie, maar onder leiding van die Gees sodanig gehanteer dat die verkondiging van die evangelie kon voortgaan. Dit blyk tog wel dat hierdie daad wat by die woord gevoeg is, tot die uitbou van die kerk bygedra het. Die Woord van God het verder versprei. Onder die groei in getalle het selfs 'n groot getal priesters getel wat in die geloof aan God gehoorsaam geword het.

Die hoofsaak van die kerk in die 21ste eeu is enersyds onveranderd, naamlik: die uitdra van die evangelie sodat die getal van die uitverkorenes vol kan word. Andersyds is probleme wat ondervind word, nie te ontken nie. Binne ons kerkverband is hierop in die bespreking van 'n beskrywingspunt oor 'n omkeerstrategie tydens die Algemene Sinode 2012 rakende onder meer dalende lidmaatgetalle gewys. Uit Handeling 6 is ook te leer om probleme nie te ignoreer nie, maar in daadwerklike gehoorsaamheid aan Hom te hanteer.

Die uitdaging waarvoor elke gemeente en elke lidmaat staan, is om onder biddende leiding van die Gees en bekerende probleme te hanteer sodat die Woord van God steeds verder versprei, die kerk tot verheerliking van ons Here kan groei en sy koninkryk só uitgebou kan word.

Sing: Psalm 87:4, 5 (Totius)

Ds. EJ Tiemensma (Kempton Park)